NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
# verskil

**Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

- **Kampterreine:**
  **Badseloop**: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  **Magaliesberg** : Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.
- Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

**31 Mei 2024:** **Nr 18/2024**

## Warmnuus



### Vervoer van argiefmateriaal

Argiefmateriaal van gemeentes, ringe en die sinode word by die *Argief in Stellenbosch* (foto) gestoor. Ringe en gemeentes is self verantwoordelik daarvoor om die materiaal op hulle eie koste na die Argief te stuur.
Om koste te bespaar hoor ons graag of daar 'n vervoermaatskappy of koerierdiens is wat teen 'n billike koste hiermee behulpsaam kan wees. Skakel asseblief vir Rehan Rheeder by 083 288 7756.

### Nasionale Gesondheidversekering (NGV)

**Webinaar**
**Alexander Forbes**, nooi lede van Bestmed uit na 'n **webinaar** op Donderdag, *6 Junie* om 13:00.
Tema: *Decoding the National Health Insurance Act.*
Kliek hier om die uitnodiging te lees. Onthou om jou deelname hier te bevestig: Kliek hier.

## Sinodenuus

### Winterprojek




Die CMR het vanjaar 'n baie belangrike winterprojek. Gemeentes word aangemoedig om moeite te doen om hierdie projek te ondersteun. Die winter is om die draai en daarom sal dit baie help as bydraes so gou moontlik die CMR kan bereik.
**Kontak** Carina Erlank: dvosadmin@cmrn.co.za / 065 855 8789.




### Survivorkamp

Dié kamp word spesifiek vir die **Graad 8 – 10's** gereël en vind van *17-21 Junie* 2024 by Badseloop plaas. Plakkaat: Kliek hier.
Inskrywingsvorms: Graad 8's – 10's: Kliek hier / Personeel**:** Kliek hier.
Navrae: Anita Hurn (Whatsapp 083 297 5471 / epos hurnanita@gmail.com.)

## Kolleganuus

### Bewegings



**<< Luné Dorfling** (Ermelo) word eerskomende Sondag, 2 Junie, in Vorentoe bevestig en sy lewer ook haar intreepreek.



**>>> Johan Orsmond** (Riviersonderend, Wes-Kaap) is na Hartbeespoort beroep.



**>>> Annieka Pottas** (NHKA Montana) het die beroep na Lynnwood bedank.



**<<< Francois Smit** (Pretoria) word op 2 Junie by Groenkloof bevestig en lewer ook sy intreepreek.

**>>> Paul Grobler** (Direkteur, Noordelike Sinode) het op *26 Mei* geëmeriteer, ooreenkomstig die kerkorde se reëling dat 'n predikant binne ses maande na hy/sy 65 geword het, formeel moet emeriteer.
**Op die foto** (regs) trek sy twee dogters simbolies sy toga uit. Daar is reeds in 2022 besluit dat hy na sy emeritaat nog vir 'n tyd lank op 'n kontrakbasis by die Noordelike Sinode betrokke gaan wees. Die duur van die kontrak sal by die vergadering van die SDR in Julie gefinaliseer word.




## ❖ Verjaarsdagwense

01/06 Cornél Viljoen (Ellisras-Wes); Wynand Eloff (Warmbad-Wes); Bertus Badenhorst (Emeritus).
02/06 André Vivier (Emeritus)
04/06 Lourens Bosman (Algemene Sinode); Alwine Strauss (Kameeldrif)
05/06 Peet Venter (Piet Potgietersrust)
07/06 Louis Pretorius (Naboomspruit)
-------------------------------------------------------------------------------
03/06 Melanie Wildenboer (Eggenote van Johan, Florandia)
04/06 Emil Glas (Eggenoot van Marietjie, Riviera-Jakaranda)
06/06 Mandy Nel (Eggenote van George, emeritus)
07/06 Roné van Rooyen (Eggenote van André, Messina)
08/06 Gerda Strauss (Eggenote van Deon, emeritus)

# Gemeentenuus

## ❖ Verjaarsdae

**Pretoria** [Gestig *07/06/1854*] **>>>**




## ❖ Basaars en ander geleenthede

**Monumentpark**

**Wild & Wakkerfees:** *27 Julie*
Deli, potjiekos, hamburgers, prego's sosaties, pannekoek, teetuin, stalletjies, uitstallings en vele meer.

# Toerusting

## ❖ Excelsus - Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

**Navrae**: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za.

**Program vir 2024**: Kliek hier.

**Brugbediening en Gemeentediagnosewerkswinkel**
* Brugbediening (Week 1 - *29 Julie tot 1 Augustus*; Week 2 - *11-14 November*) – Kliek hier.
* Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose *(29 - 31 Julie)* – Kliek hier.

## Ander nuus

❖ **Christelike Lektuurfonds (CLF):**

**Winter Nuusbrief:** Kliek hier.

**Jongste publikasie:** *In die spore van die Herder* deur Deon Loots; Kliek hier vir die oorsig.

**Nuut op hul rakke:** Kliek hier.

❖ **Vakatures**

**Kerkbode:** Kliek hier vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

**Magaliesberg Gesinskerk (Marikana)**: **Leraar** (Drie jaar vaste termynpos)
Magaliesberg Gesinskerk is geleë rondom Mooinooi in Noordwes. Kliek hier vir die advertensie.
**Sluitingsdatum**: *1 Junie.*

**Raslouw: Voltydse medeleraar**
Hierdie is sedert 1976 'n voorstedelike gemeente in die suid-westelike deel van Centurion. Daar is ongeveer 1 650 lidmate (belydend en doop) met 75 wyke en ongeveer 775 besoekpunte. Kliek hier om die advertensie te lees.
**Sluitingsdatum**: *28 Junie*.

## Aflosgeleenthede

Predikante, emeriti en proponente van die Noordelike Sinode wat beskikbaar is om eredienste te lei in gemeentes waar daar vakatures is of die leraar met vakansie is, is welkom om hulle besonderhede vir Hermien te stuur [hermien@noordsin.co.za]. Kliek hier vir die name van persone wat reeds gereageer het.

## Naskrif

